

Alle mense is skuldig voor die regverdige God

Romeine 3:1-20

18 Oktober 2026

1. Vantevore: Die Jode se selfregverdiging was dwaas – want hulle het nie God se wet gehoorsaam nie. Die Jode se vertroue in hulle fisiese besnydenis was dwaas – want wat werklik nodig was, was die innerlike hartsbesnydenis.
2. Besware teen Paulus se lering in Rom 2:17-29
 - i. Beswaar 1 (Rom 3:1-2): Wat is die nut van om ‘n Jood te wees en besny te wees?
 - Paulus se antwoord: Baie, in elke opsig
 - Die Jode het God se woorde gehad – d.i. die Ou Testament – dit sluit die wet in, maar ook God se openbaring oor Sy doel, Sy verlossing van die volk, belofte van die Gesalfde, tabernakel en offerdiens
 - Die Jode het egter nie hulle verantwoordelikheid nagekom nie
 - ii. Beswaar 2 (Rom 3:3-4): As die Jode ontrou was, beteken dit God gaan ook ontrou wees aan Sy beloftes?
 - Al is elke mens ontrou, God bly getrou aan Sy beloftes
 - Die Ou Testamentiese geskiedenis bewys dit
 - Die wese van God se woord is betroubaarheid (Ps 119:160) vs alle mense is leuenaars (Ps 116:11)
 - Dawid se ongeregtigheid lei tot die sigbare openbaring van God se geregtigheid (v4 – aanhaling uit Ps 51:6)
 - iii. Beswaar 3 (Rom 3:5-6): Ons ongeregtigheid bewys God ‘n guns – Sy regverdigheid word sigbaar in Sy oordeel
 - Om te wil redeneer daarom behoort ons nie geoordeel te word nie, is onlogies
 - iv. Beswaar 4 (Rom 3:7-8): Ons sonde lig God se waarheid uit – hoekom moet ons geoordeel word?
 - Waarheid van God = verlossing van sondaars, wat Sy genade/liefde uitbeeld
 - “Kom ons doen die slegte, sodat die goeie daaruit kan voortkom”
 - Paulus redeneer sulke mense verdien God se oordeel
 - v. Gelowiges het ook baie voorregte, soos die Jode, maar die voorregte help ons nie in God se oordeel nie
3. Alle mense staan skuldig voor God (Rom 3:9-20)
 - i. “Ons” = Jode (vgl DAV onderskrif, NAV) of Paulus se lesers (gelowiges uit heidendom – volgens Hendriksen)
 - ii. Rom 3:10-18 – Aanhalings uit OT wat bewys alle mense is skuldig
 - V10-12 – Alle mense het sondige aard (Ps 14:3, 53:2-4, Pred 7:20)
 - V13-14 – Alle mense se sonde is duidelik in hoe hulle praat (Ps 5:10, 140:4)
 - V15-18 – Alle mense se sonde is duidelik in wat hulle doen (Spr 1:16, Jes 59:7-8, Ps 36:2)
 - iii. Alle mense is skuldig aan wetsoortreding – wet kan ons nie in die oordeel help nie
4. Samevatting
 - i. Ons is almal sondaars – selfs gelowiges, wat baie voorregte het – God gaan oordeel
 - ii. Behalwe as daar ‘n ander manier as wetsonderhouding is om geregverdig te word, gaan ons veroordeel word